

Maandag 25 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 10:22-30; HK Sondag 19, Antwoord 51

Fokusgedeelte: Johannes 10:28, 29

Christus beskerm en bewaar ons

Christus wat as Koning aan die regterhand van sy Vader sit, versorg ons nie net op 'n uitnemende wyse deur die hemelse gawes wat Hy op ons uitstort nie, maar Hy beskerm en bewaar ons ook teen sy en ons vyande. Hierdie beskerming en bewaring is absoluut noodsaaklik, omdat die vyande van die kerk magtig en talryk is. Daar is die duivel, die wêreld en ons eie sondige natuur wat nooit ophou om ons aan te val nie (HK antw. 27).

Christus het wel Satan aan die kruis en deur sy opstanding uit die dood oorwin, maar hy is nog nie totaal uit die weg geruim nie. Sy aanvalle op die kerk gaan steeds voort (Op. 12:17). Aangesien "Christus 'n ewige Koning is wat nooit sonder onderdane kan wees nie" (NGB art. 27), spits Satan hom daarop toe om die onderdane van Christus te verlei of te vermoor, want so probeer hy die koningskap van Christus vernietig. Hy is soos 'n terroris wat 'n land nie regeer nie, maar die lewe vir owerheid en onderdane deur sy aanvalle baie moeilik maak. Die Here waarsku ons dat die duivel soos 'n brullende leeu rondloop en soek wie hy kan verslind. Hy probeer die indruk skep dat hy nog die "owerste van hierdie wêreld" (Joh. 12:31; 14:30) en "die god van hierdie wêreld" is (2 Kor. 4:4) en dat alles aan hom behoort. Satan sweep die nasies en sy aanhangers op teen die kerk van die Here, en ons weet dat namate die einde naderkom, hierdie aanvalle steeds heftiger sal word.

In hierdie stryd van Satan teen Christus is die gelowiges gesamentlik en afsonderlik ingeskakel. Daarom word van die kerk hier op aarde gepraat as die strydende kerk. In die aanvalle van Moslems op Christene in verskillende lande sien ons duidelik die werk van Satan.

Onder die leiding van Satan probeer die wêreld ons verlei met leerstellings en ideologieë wat met God se Woord bots. Daar is pogings om die waarheid van God se Woord onder verdenking te plaas deur dit as outyds, mitologies en onwaar te bestempel. So word geпооо om ons te verhinder om ons vertrouwe op God te stel. Dan is daar ook nog ons eie sondige natuur, die verraaier binne in ons, wat so maklik die deure van ons lewe vir die duivel en die wêreld kan oopmaak.

Ondanks die aanslae van ons doodsvyande weet ons egter: Christus is ons almagtige Koning en Hy sal self sorg dat niemand ons uit sy hand en sy Vader se hand sal of kan ruk nie (Joh. 10:28, 29). Die magte van die doderyk sal sy kerk nie oorweldig nie (Matt. 16:18). Christus sal self in krisistye ons geloof en ons krag versterk (Jes. 40:29, 31; 41:10). Hy belowe ook aan sy geliefde kinders: "Ek sal julle vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld kom" (Op. 3:10).